

LIEDERE WAT IN DIE EREDIENSTE GESING WORD

Sondag 29 Januarie 2012

Oggenddiens 09:30		Aanddiens 18:00	
Lied	Bladysy	Lied	Bladysy
1.	Skrifberyming 12-3:1 & 2	Ps.116:7,9 & 10	Bl.570
2.	Psalm 9:1,2,5,7	Bl.36	Psalm 33:7 & 6
3.	Psalm 79:5 & 9	Bl.403	Skrifberyming 1-1:1, 2
4.	Psalm 71:14	Bl.356	↓
5.	Skrifberyming 9-3:1 & 2	Efesiërs 1:1-6	
6.	Psalm 89:6	Bl.445	Johannes 15:13-17
7.	Skrifberyming 2-4:1 & 3	1 Petrus 2:6-10	
8.	Skrifberyming 15-1:1 & 4		

MATRIEKS

Met die gelukwensing van die matrieks verlede week het die naam van **Tineke Havinga** ongelukkig agterweë gebly. Tineke word ook gelukkig met die 4 onderskeidings wat sy gekry het. Sy studeer vanjaar aan die Noordwes Universiteit, Potchefstroomkampus. (Wyk 6. 018-462-3736)

BESOEK - BONSAI-GROEP, PRESIDENT KRUGER KINDERHUIS, PRETORIA

Die groepie seuns wat deur die Diakonie "aangeneem" is, besoek ons gemeente op die naweek van 9 tot 11 Maart. Br. Hannes en sr. Gerty Pelsers gaan hulle op hul plaas huisves. Ons sien baie uit na hierdie besoek, en sal u op die hoogte hou van reëlins.

Die **bestuur van die susters** vergader DV oensdg 1 Februarie 2012 in die kerkgebou om 18:30.

'n **Algemene sustersvergadering** is DV Woensdag 8 Februarie 2012 om 18:30 in die kerkgebou.



SIMBAAL

"Prys Hom met galmende simbale"

[Psalm 150:5]

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Klerksdorp-Noord

[Webadres – <http://www.gkklerksdorpnoord.co.za/>]

Jaargang 7

Sondag 29 Januarie 2012

Nommer 2

DIE SATAN SE TAKTIEK

Die 1e vraag in die geskiedenis is deur die Satan gevra: "Het God werklik gesê julle mag van geen boom in die tuin eet nie?" [Gen.3:1]. Met hierdie vraag het die Satan God se bedoeling aangeval. Satan val nie God se openbaring direk aan nie. Hy is uiters subtiel. Hy begin om God by die mens verdag te maak ... hy saai *twyfel* in die hart van die mens oor God se bedoeling. Hy *verdraai* God se woorde. God sê die mens mag van al die bome eet behalwe die een [Gen.2:16-17] terwyl die Satan vra of hulle nie van een van die bome mag eet nie. Dan val hy God direk aan. Die Satan *verwerp* God se Woord. Hy beweer God het nie regtig gesê wat die mens gehoor het nie. God het gesê as hulle van die boom van alle kennis eet sal hulle sterwe [Gen.2:17]. Die Satan verklaar dat dit nie waar is nie hulle sal nie sterwe nie maar soos God word [Gen.3:4]. Na hierdie drieërlei aanval op God swig Eva en Adam [Gen.3:6]. Deur al die eeue heen het die Satan se strategie en metode nie veel verander nie. Die duiwel se poging is om God by die mens verdag te maak dat die mens God nie meer vertrou nie. Die Satan se hoofteiken is *die WOORD VAN GOD!* En dit moet ons duidelik raaksien en ons daarteen staal. Ons moet daagliks daarop bedag wees. Die WOORD VAN GOD het 4 eienskappe: * Die Bybel het GESAG [Ps.119:105, 2 Pet.1:19]. * Die Bybel is NOODSAAKLIK [Kol.1:23, 2 Tim.3:16]. * Die Bybel is DUIDELIK [Ps.19:8, Ps.119:130]. * Die Bybel is GENOEGSAAM [Deut.4:2, Op.22:18-19].

Hierdie 4 eienskappe van die SKRIF val die Satan aan en hy wil laat lyk asof dit nie waar is nie. Met hierdie taktiek het die Satan gelowiges of *bedrieg* of gelowiges het in heftige *konflik* met die Satan gekom. *Kompromie* of *konflik* is die enigste twee reaksies op die Satan se taktiek.

- Die standpunt van *kompromie* is wanneer jy sê die Satan het dit reg dat God se Woord nie GESAG het om jou lewe te reël nie.
- Deur *kompromie* word jy verlei dat die Bybel nie noodsaaklik is nie.
- *Kompromie* met die Satan beteken dat jy ook sê dat die Bybel nie duidelik is nie.
- 'n *Kompromie* met die Satan laat jou die standpunt inneem dat die Bybel nie genoegsaam is vir die optrede van die 2012-christen nie.

Dan verklaar jy dat as dit kom by sake soos kernoorlog, sport, Sondagviering, homoseksualisme en vrye liefde dan is daar eenvoudig nie genoeg waarheid in die Bybel om hierdie probleme mee op te los nie. God versterk jou GELOOF elke keer as jy na die verkondiging van die Woord luister en die sakramente gebruik, sodat jy in staat kan wees om in alles volgens God se Woord te kan lewe. Dit is die enigste maatstaf vir jou optrede.

Dr. Nico van der Merwe



Dr. Nico van der Merwe

Oggenddiens Tema: **DIE WEKROEP TOT LEWENSHEILIGING**

Lees: Eksodus 28:1-3 & 31-36

Teks: Eksodus 28:33-35

In die woestyn gee God aan die Israeliete voorskrifte hoe hulle Hom moet aanbid. God gee voorskrifte van hoe die tabernakel gemaak moet word tot in die fynste besonderhede. God gee ook voorskrifte ten opsigte van die altare, offers en die kleredrag van die priesters en die Hoëpriester. Meer in besonder word die Hoëpriester se klere beskryf en veral die mantel en die skouerkleed. Onder aan die soom daarvan moet granaatjies en klokkies vasgewerk word. Die doel daarvan is om die Hoëpriester te herinner dat hy as sondige mens in die heiligdom van God moet ingaan om die offerbloed op die ark te sprinkel as simbool van die versoening van sondes. Die geluid van die klokkies is simbool van die Woord van God wat in die lewe van elke gelowige weerklink. Die granaatjies is simbool van die goeie werke wat die gelowige moet doen uit dankbaarheid vir die verlossing. Die klokkies en die granaatjies is die simboliese wekroep van God tot die gelowiges om 'n heilige lewe, vir Hom afgesonder te lewe.



Ds. Jan Carel Erasmus

Aanddiens Tema: **KLEM OP JOU ROEPING OM HARMONIE TE VIND MET GOD WAT UITVERKIES TOT DIENS**

Lees: Ef.1:1-6; Joh.15:13~17; 1 Pet.2:6~10

Teks: Ef.1:4; Joh.15:16; 1 Pet.2:9

Jy ontvang sekerheid oor jou uitverkiesing as jy in jouself die onfeilbare vrugte van die uitverkiesing met geestelike blydschap en heilige vreugde waarneem. Dit is: (a) Ware geloof in Christus. (b) Die kinderlike vrees van God. (c) Die droefheid oor die sonde volgens die wil van God. (d) Die honger en dors na die geregtigheid, ens. [Dordtse Leerreëls 1, 12].

By hierdie doel-aanduiding van die uitverkiesing, hierdie skerp punt van die plig wat God ons oplê, sluit vandag se Skrif-woorde aan. In die Bybel is die handeling deur God om te verkies, nooit iets wat Hy doen **omdat** nie

JOU SKAT IN DIE HEMEL

Daar is *materiële dinge* wat Christus *aardse skatte* noem. Dan is daar *geestelike dinge* wat Christus *hemelse skatte* noem. (Matt. 6:19-21). *Aardse skatte* het twee kenmerke: ^[1] Dit is verganklik. Dit gaan tot niet. Want motte en roes kan dit vernietig. ^[2] Die verganklike waarde van aardse skatte maak dit 'n sekuriteitsrisiko en dit moet beskerm word want diewe kan dit steel. *Hemelse skatte* is net die teenoorgestelde. Dit kan nie vernietig word of gesteel word nie. In die lig hiervan moet jy op die vraag antwoord: Wat koester jy in jou hart? Wat sal jy wil ruil vir *liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing?* (Gal. 5:22-23).

Sal jy hierdie dinge wil verruil vir 'n blink nuwe motor? Of dalk 'n weelderige vakansiehuis by die see? Of miskien 'n ereposisie tussen mense? Of 'n paar miljoen van die lotto? Wat is jou antwoord? Vir die gelowige is daar net één antwoord. Die hemelse skatte wat God verniet aan my gee ontvang alle prioriteit in my lewe.



MY GOD EN EK

Die heidene sê: "Die Here is 'n berggod, Hy is nie 'n god van die vlakke nie" (1 Kon. 20:23 & 28). Die Arameërs sê dit van God omdat hulle 'n veldslag teen Israel in die berge verloor het. Daarom beskou hulle dit so dat God Israel in die berge gehelp het, Hy is dus 'n berggod.

- ❖ In 'n tipies heidense denkpatroon verbind hulle die hulp van God net aan die berge.
- ❖ Dáár is God se sterk punt, terwyl sy swak plek die vlaktes is.

Vir die heidene is gode verbind aan sekere plekke en streke. Daarom ken hulle seegode, landgode, riviergode, bosgode, huisgode ens. So klassifiseer hulle die ware, lewende God in 'n hokkie met die naam: berggod.

- ❖ Hulle kom hulle fout gou agter.
- ❖ God is oralteenwoordig. Die mens kan Hom nie op een plek vaspen nie.
- ❖ Daarom word hulle verpletterend op die vlaktes verslaan (1 Kon.20:28-30).

Hierdie gebeurtenis spreek tot ons. Dit gebeur dat die mens God in 'n rakkie of hokkie van sy eie lewe wil liasseer. Hulle plaas God in 'n skema; hulle perk God in. Hy is God van die siekte, maar nie van plesier nie. Hy is die God van rampe, maar nie van voorspoed nie. Hy is die God van die kerk, maar nie van vakansie-oorde nie. Hy is die God van Sondag, maar nie van die week nie. Hy is die God van die binnekamer, maar nie van jou lewe nie. Na willekeur perk die mens God in en skuif Hom soos 'n pion op 'n skaakbord. So laat God nie met Hom maak nie. Hy is altyd- en oralteenwoordig in elke faset van jou lewe spreek God 'n woord mee en het Hy belang by. Net soos wat ek Hom in die kerk en in my binnekamer dien, moet ek dit doen op die

rugbyveld, in die swembad, ja oral (1 Kor. 10:31; Kol. 3:17).

de Nico van der Merwe

6. SIMBAAL 29 Januarie 2012

HOEDSPRUITRAMP

Hoedspruit het verlede week geweldige vloedskade opgedoen. Daar het in ongeveer 36 uur in die omgewing tussen 400 en 700 mm reën geval wat n verwoestende watermassa tot gevolg gehad het. Deur die genade van die Here het daar nie van die lidmate in die gemeente in hierdie vloed omgekome nie. Die grootste skade is langs die Blyderivier en Zandspruitloop aangerig terwyl brûe, paaie en selfs waterpype weggespoel het. Die skade beloop etlike miljoene rand. Daar is steeds groot dele van die gemeenskap en veral boere wat na berekening vir nog drie weke sonder elektrisiteit gaan wees, terwyl die waterpypstelsel selfs langer kan neem om te herstel. Die munisipale water is `n geweldige krisis aangesien dit lyk soos die Nyl van ouds met die plaë, so rooi soos bloed. Drinkwater word dus van naburige dorpe aangery omdat die water onbruikbaar is. Jy is eintlik vuiler na die bad as voor die tyd. Indien u graag `n bydrae wil maak kan u die voorsitter van die diakonie skakel, Danie Janse van Vuuren by 073 968 1998, die diakonie se bankbesonderhede is: ENB Hoedspruit (270 652) Tjek Rekening 6201 0981 844
Hartlike groete en seënwense, ds. Lourens JE Venter
Gereformeerde Kerk Hoedspruit Tel: 015 793 2406 Sel: 082 529 2330

PASTORALE BERADINGSKURSUS: DIE HANTERING VAN VERLIES POTCHEFSTROOM: SATERDAG 4 FEBRUARIE 2012 PROF WENTZEL COETZER

Hierdie kursus is grootliks gebaseer op die boek, *Helping those in grief*, deur Norman Wright. Verder word daar ook gebruik gemaak van stof wat aangebied is tydens die Internasionale Konferensie van die AACC in Nashville in 2009 in `n lesing deur Jennifer Cisney en Kevin Ellers, twee trauma terapeute, in `n treffende gesamentlike lesing met die titel, *Lost grievors: helping hurting people through unrecognized losses*.

Elkeen sorg vir eie stoele, tafeltjie, eetgerei en iets te drinke. Die gaste moet teen **17:30** sit om `n paar formaliteite af te handel en daarna sal ons saam eet. Ons reken dat die ete ongeveer 18:30 bedien sal word.

Plek: Studente Hervormde Kerk – Silwerstraat 19 (net langs klein kragstasie)

Datum: Saterdag 4 Februarie 2012 Tyd: 08.00 - 13.00

GPS koördinate: Suid: 26.41.590 - Oos: 27.5.079

Koste: R200 (sluit in sleutelnotas en verversings)

Handleiding: Te koop (opsioneel): R160 (posgeld: R20 ekstra)

Navrae en bespreking: 0836600409 of 018-2947457 of wentzel7@mweb.co.za

SIMBAAL 29 Januarie 2012

3.

geen mensverdienste nie. Maar dit is wel `n uitverkiesing **sodat, opdat, met die doel om.**

Ef. 1:4 sê: Uitverkies **om** in liefde heilig te wees; **om** in liefde sonder gebrek te wees; **om** vlak voor Hom, voor sy aangesig, dit in liefde te wees en te beoefen.

Joh. 15:16 sê: Uitverkies **om** vrug te gaan dra; en dat julle vrug kan bly ### dus: Jy moet daarmee volhardend heiliger wil groei.

1 Pet. 2:9 sê: Uitverkies **om** te verkondig, **om** te getuig van die deugde van Hom wat ons uit die duisternis van sonde, skuld, verderf, satansheerskappy en ewige ellende geroep het.

Elke uitverkieste mens is “bo-wêrelds” begenadig, Goddelik begenadig. Elke sodanige, ook ek en jy, het `n geskenk van `n heilige orde en status. Maar dadelik sê **heilig** dat jy wat uitverkies is, `n verantwoordelikheid het **om** so te lewe soos God wil.

SUSTERSAAMTREK - Saterdag 10 Maart 2012

Plek: Gereformeerde Kerk Klerksdorp

Tema: Gelowig Vrou in die hande van die Pottebakker

Spreker: Dr. Maryn Botha, Nasionale Voorsitter, Helpende Hand, Solidariteit Dagfoo: R85 per persoon

Keerdatum vir belangstellendes: Vrydag 17 Februarie 2012

Susters wat van plan is om die saamtrek by te woon, skakel asseblief met Santie van die Westhuizen (018-468-3553) of Bets de Lang (084-257-9481).

ONTVANGS DS. ANDRE DE JAGER & GESIN

Die ontvangs van ds. Andre de Jager en sy gesin is DV Saterdag 4 Februarie 2012 by die afdak. Op die spyskaart is potjiekos met al die nodige bykosse. Die reëlingskomitee wil baie graag die getalle vir die byeenkoms teen Sondag 29 Januarie 2012 hê.

Lyste waarop lidmate wat die funksie wil bywoon hulle name kan skryf is in die voorportaal, konsistorie en die orreldeur beskikbaar. Naamkaartjies word vir die funksie gemaak. Elkeen sorg vir eie stoele, tafeltjie, eetgerei



en iets te drinke. Die gaste moet teen 17:30 sit om 'n paar formaliteite af te handel en daarna sal ons saam eet. Ons reken dat die ete ongeveer 18:30 bedien sal word.

4. SIMBAAL 29 Januarie 2012

KOLLEKTES

Datum	By die diakens	Sakkies by die deure
29 Januarie	Barmhartigheid	Teologiese Studentekas
5 Februarie	Barmhartigheid	Teologiese Studentekas



GEMEENTEPROGRAM

Sondag 29 Januarie tot Saterdag 4 Februarie 2012

Sondag 29 Januarie	Oggenddiens	09:30
Sondag 29 Januarie	Katkisasie Les 1	10:30
Sondag 29 Januarie	Aanddiens	18:00
Maandag 30 Januarie	Kerkraadsvergadering	18:00
Woensdag 1 Februarie	Sustersbestuur	18:30



TEESKINKBEURTE

Sondag 29 Januarie 2012	Wyke 22 & 23
Sondag 5 Februarie 2012	Wyke 24 & 25



VERJAARDAE

29 Januarie tot 4 Februarie 2012


30 Jan	Kotie Oosthuizen	Wyk 10	082-808-5062
31 Jan	Kotie Bester	Wyk 11	018-468-8815
2 Feb	Monique Grobler	Wyk 19	072-799-9782
2 Feb	Maryna Scheepers	Wyk 23	018-477-1883
2 Feb	Jan Viljoen	Wyk 25	018-468-8659

Aan die lidmate wat hierdie week verjaar, hartlik geluk! Mag die Here u seën in die nuwe lewensjaar.



DIE TEOLOGIESE STUDENTEKAS

Vandag word 'n spesiale kollekte ingesamel vir die **Teologiese Studentekas**. Doel van die Studentekas is om studente wat aan die Teologiese Skool te Potchefstroom studeer, finansiële met beurse



te help sodat die Gereformeerde leer uitgebou en verkondig kan word.

5. SIMBAAL 29 Januarie 2012

5.

LIEF EN LEED



- ✘ **Sr Maria du Preez**, (Wyk 19) van Panoramapark, is oorlede en reeds Woensdag in Bloemfontein begrawe. Ons bid haar en haar familie die troos van die Here toe.
- ✘ **Sr. Anna Alberts** is verlede Sondagoggend skielik in die Tshpong hospitaal oorlede. Mag haar familie en vriende vertroue word deur die Heilige Gees met die oog gerig op die ewigheid in Christus.
- ✘ **Br. Gerrit en sr. Isabel Jansen van Ryssen** het 'n 2.920kg seuntjie van die Here ontvang, Adriaan. Van harte geluk met die tweede seun. Mag die Here julle as verbondsgesin ryklik seën.



REGSTELLING

Op die geel inligtingsgids wat die ouderlinge aan die gemeente gaan uitdeel is die selnommer van ds. Andre de Jager foutief. Ds. De Jager se selnommer is: **082-975-2745**.



AAN AL DIE KERKRADE VAN GKSA GEMEENTES

Die Kuratorium van die Teologiese skool versoek u om dringend aan die volgende skrywe aandag te gee en dit onder die aandag van al u lidmate te bring:

Studente benodig om as predikante opgelei te word:

Die Senaat van ons Teologiese Skool het sy besorgdheid uitgespreek oor die klein getal studente uit al die verskillende taalgroepe, wat hulle aanmeld om teologie te studeer met die doel op predikante te word. Die kuratore deel die bekommernis dat as die tendens voortduur daar 'n groter wordende tekort aan predikante in die GKSA sal wees. Ten minste 15 studente moet per jaar afstudeer, wat nie tans die geval is nie. Daarom doen ons 'n beroep op gemeentes

om jongmanne wat die gawes het aan te moedig om vir predikant te kom studeer, asook te help om dit vir hulle moontlik te maak. Artikel 19 van ons Kerkorde stel: "Die kerke moet soveel nodig sorg dat daar studente in die Teologie is wat deur hulle ondersteun word."